# HISTORIESE BEWUSSYN EN GESKIEDENISDIDAKTIEK

Prof F.A. van Jaarsveld

**Waartoe leer 'n mens geskiedenis en wat wil hy daarmee bereik?**

Vanaf die Oudheid tot aan die einde van die 18de eeu het die welbekende slagkreet, "historia vitae magistra" of "geskiedenis is die leermeester van die lewe", die taak van die Westerse historiografie oorheers, dit wil sê 'n opvatting dat geskiedskrywing wortel in 'n sosiale behoefte om die huidige lewe binne die raamwerk van die tyd te oriënteer, en dus buite die skool ook met die probleme van die praktiese lewe te doen het. Die voortgaande institusionalisering en verprofessionalisering van die geskiedenis sedertdien, het die belangrikheid van die geskiedenisdidaktiek laat afneem en in die vergetelheid laat geraak. Dit het uit die sentrum van die historikus se nadenke oor professie verdwyn en is vervang met die metodolo- van historiese navorsing. Die verwetenskapliking van die geskiedenis, so sê Jörn Rüsen, het gelei tot 'n bewuste verskraling van die historikus se perspektief en 'n beperking van sy taak en doel[1]). Hy het as't ware in 'n ivoortoring beland en net vir professionele historici geskryf, wat hom kontak met die lewe en die behoeftes van die samelewing laat verloor het.

In Wes-Duitsland bestaan daar sedert die middel van die jare sewentig, 'n ommekeer van hierdie proses, en is die didaktiek belas met die herwinning van die verlore veld van die historiese bewussyn in die samelewing. Dit het sedert 1976 die status van 'n nuwe universiteitsvak gekry, en dus tot 'n nuwe akademiese dissipline geword[2]), ontkoppel van die pedagogiek waarbinne dit vroeër slegs met die beperkte doelstellinge van geskiedenisonderrig op skool te doen gehad het. Tot wetenskaplike mondstuk het die nuwe vak 'n tydskrif, *Geschichtsdidaktik* gehad wat sedert 1976 'n nuwe wyse van omgang met die geskiedenis, sy gebruik in die onderwys en in die praktiese lewe verteenwoordig, 'n tydskrif wat in 1988 vervang is met *Geschichte Lernen: Geschichtsunterricht heute.* Die perspektiewe van die didaktiek van geskiedenis het dus uitgebrei, en gaan veel verder as om net die probleme van die onderrig en leer van geskiedenis op skool te behandel. Tans ontleed dit al die vorme en funksies van die geskiedeniskennis in die praktiese leefwêreld van die mens, dit wil sê ook in die alledaagse lewe van Jan Publiek.

Een van die belangrikste probleemgebiede van die geskiedenisdidaktiek is die analise van die aard, funksie en belangrikheid van die historiese bewussyn, wat as die grondkategorie van die geskiedenisdidaktiek beskou word. Dit het te doen met die onderrig, die leer van geskiedenis en elke vorm van historiese denke: Deur die historiese bewussyn ervaar 'n mens die verlede en vertolk hy dit as geskiedenis, wat 'n geestesproduk is en 'n geskiedbeeld te voorskyn bring. Dit het te doen met sowel historiese studies as met die gebruik en funksies van die geskiedenis in die private en openbare lewe[3]). Karl-Ernst Jeismann het in 'n boek oor "geskiedenis as die horison van die hede", betoog dat die historiese bewussyn drie tydsdimensies in sy struktuur het, naamlik 'n samehang van verlede-uitleg, hedeverstaan en toekomsperspektief: Die mens bestudeer en onthou die verlede ten einde die hede te verstaan en die toekoms te verwag[4]). Die geskiedenisbewussyn in sy letterlike betekenis is nie bloot terugwaarts gerig nie: dit omsluit sowel die komende geskiedenis as die hede. Die toekomsperspektief werk op die verlede-uitleg ewe so goed in as wat die verledevertolking die toekomsverwagting meebepaal. Die historiese bewussyn stel die hede met sy selfverstaan tussen die verlede en die toekoms, dit wil sê tussen die gebeure en die te verwagte toekomsmoontlikhede. Geskiedenisbewussyn is dus 'n element van die hedeverstaan, wat sowel deur insig in die verlede as die toekoms moontlik gemaak word. Die toekomsverwagting beïnvloed sowel die uitleg van die verlede as die verstaan van die hede.

Wanneer die toekomsperspektief onseker word soos dit tans die geval in Suid-Afrika is, verwar dit die uitleg en waardering van die verlede: die oriëntering in die hede word onseker en die as vasstaand beskoude ordenings- en singewingsaksente ly daaronder; die aanvaarde beeld van die verlede begin om te wankel in die historiese oordele, die regverdiging van ou verhoudinge word betwyfel en die kollektiewe identiteit neig om uiteen te skeur. 'n Skuldkompleks tree in wanneer die hede homself nie meer in die lig van die geskiedenisproses verstaan nie. Wanneer die historiese bewussyn by 'n groep verswak, tree soms ontvlugting uit die werklikheid in. Dit verswak die funksies van die selfverstaan, ondermyn die legitimering van die eie bestaan, doen en late van 'n groep en bring onsekerheid van oriëntering in die leefwêreld waarin hulle hul bevind.

Laat ons drie funksies van die historiese bewussyn in die selfverstaan van die hede, uitleg van die verlede en verwagting vir die toekoms van naby bekyk, wat ons insae gee in die funksie van geskiedeniskennis en sy nut in die praktyk van die lewe. Hierdie funksies, soos omskryf deur K-E Jeismann, is 'n identiteitsvormende funksie, 'n legitimeringsfunksie en 'n oriënteringsfunksie[5]). Ook ander historici het hulle in die jongste tyd besin oor die nut van die geskiedenis en hierdie drie funksies bevestig[6]).

Onder die identiteitsvormende funksie van die historiese bewussyn dink 'n mens daaraan dat elke verenging, firma, instelling, universiteit, groep of volk sy eie geskiedenis koester en sy groot manne en gebeurtenisse uit die verlede met monumente, standbeelde en biografieë vereer en relikwieë van gebeurtenisse uit die verlede in museums bewaar – dit alles dien as teken van historiese kontinuïteit, stel die mens of groep as historiese en kollektiewe indiwidu daar en verseker so die voortbestaan van die eie aard, en nieteenstaande veranderinge, ook die identiteitskern. Dit geld kerke, state, volke of kultuurgroepe. Slegs deur die identiteitsvinding en -binding, word die selfbeeld van 'n groep deur alle wisselinge van die tyd afgrensbaar van dié van ander groepe. Kennis van die verlede bevredig 'n gevoel van andersheid, dit wil sê eieheid, of geborgenheid, en die behoefte om aan 'n groep te behoort. Dit help ook met die bevrediging van die behoefte aan selfkennis, sosiale en politieke bestendiging, en maatskaplike aansien wat psigiese verryking beteken. As die identiteitsvormende krag van die historiese bewussyn ly of verlore gaan, ontstaan 'n vakume waaruit onsekerheid voortkom, en wat tot die destabilisering van 'n politieke groep, kerk of party kan lei. Dit is vandag so omdat die historiese bewussyn by die regerende wit politieke kultuur aan die verval is moontlik uit vrees dat die ontbloting van die foute van die verlede – "1948" byvoorbeeld – kan

lei tot 'n aanklag en veroordeling in geskiedenisleergange in die beskuldigdebank van die hede.

Tweedens is daar die agtergrondverduidelikende funksie van die historiese bewussyn. Geskiedenisleerplanne gryp gewoonlik terug na die verlede om die bestaande samelewingsorde, staatsbestel of 'n kerk te regverdig. So is segregasie en apartheid in die verlede byvoorbeeld deur 'n teruggryping na die Groot Trek geregverdig. Noudat die horison van die toekomseindbestemming deur die heersende wit politieke kultuur van afsonderlikheid na magsdeling en integrasie verhang is, kan die apartheidstaatsbestel byvoorbeeld nie meer uit die Groot Trek gesanksioneer word nie en tree onsekerheid en verwarring in, wat ook die verstaan van die hede vertroebel. Die legitimering van 'n rewolusionêre orde vir Suid-Afrika vind ons vandag by radikale groepe wat ontdek het dat hulle 'n eie geskiedenis het, gewortel in die anti-kolonialisme wat van dié van die blankes verskil. Die gevaar hier is dat deur manipulering en instrumentalisering die geskiedenis verpolitiseer, verideologiseer, ja selfs vervals kan word. Dit was ewe-waar van Afrikanernasionalisme. Die Groot Trek het byvoorbeeld nooit segregasie of apartheid kon regverdig nie, aangesien die Voortrekkers deurgaans ekonomiese integrasie sowel in Natal as in Transvaal toegepas het.

Derdens is daar die oriënteringsfunksie in die historiese bewussyn, dit wil sê oriëntering in die eie land met sy diversiteit van groepe en kulture en op ander lande soos Afrika en die wêreld. Oriëntering beteken begrip van die hede wat deur kennis van die verlede en 'n toekomsperspektief moontlik gemaak word. Dit is opvoeding deur die geskiedenis wat 'n kritiese oordeelsvorming moontlik maak. Hier moet aanbeveel word dat, wat die geskiedenis in 'n multikulturele of plurale samelewing betref, daar ruimte gelaat moet word vir multidimensionaliteit en multiperspektiwisme in sowel die skrywe as onderrig van geskiedenis. Dit vereis dat die geskiedenishandboek meer as een standpunt oor 'n gebeurtenis aanbied, wat iemand in staat kan stel om sy eie oordeel daaroor te vorm. Daardeur word 'n aangeleentheid tegelyk uit verskillende hoeke belig, sodat verskillende perspektiewe onder die aandag kom. 'n Een-dimensionele geskiedenisleerplan in 'n multikulturele samelewing lei tot twis en verdeeldheid en kan nie groepsbehoeftes bevredig of nasionale eenheid bevorder nie.

Geskiedenis bevredig 'n behoefte aan kennis, gee antwoorde op sinvrae, en verduidelik die verwisseling van staanplek in die vloei van die tyd; dit gee ook helderheid oor toekomsperspektiewe en help om, naas die eie, ook ander lewensvorme en kulture te leer ken. Dit verbreed sowel die intellektuele horison as die eie lewensmoontlikhede en insig. Om jou met geskiedenis besig te hou, is nie 'n soort "l'art pour l'art" nie; daar word altyd bepaalde doeleindes nagestreef soos byvoorbeeld om buite die wetenskap om, geskiedenis ook vir iets anders soos byvoorbeeld sosialisering te benut. Daarom is geskiedenis onontbeerlik vir die staanplekbepaling in die hede. Dit bevredig talle funksies en behoeftes in die leefwêreld van die mens. Geskiedenis in die alledaagse lewe staan ook in die teken van 'n waarheidsbehoefte, agtergrondverduideliking, identiteitsvinding en lewensoriëntering. Die kweking van 'n historiese bewussyn behoort die belangrikste doelstelling van die geskiedenisdidaktiek te wees sowel binne as buite die skool of universiteit.

**VERWYSINGS**


1. Jörn Rüsen: "The didactics of history in West Germany" *(History and Theory* XXVI/3, 1987), p 276.
2. Klaus Bergmann en Gerhard Schneider (reds): *Gesellschaft, Staat, Geschichtsunterricht,* Düsseldorf 1982, pp 415 – 442.
3. Rüsen, soos aangehaal in voetnoot 2, p 284.
4. K-E Jeismann: *Geschichte als Horizont der Gegenwart,* Paderborn 1985, pp 16 – 17.
5. Ibid; p 13 – 16. Kyk ook Bergmann, Kuhn, Rüsen, Schneider (reds): *Handbuch der Geschichtsdidaktik,* Düsseldorf 1985, pp 40 – 44.
6. Onder andere Jürgen Kocka: *Sozialgeschichte,* Göttingen 1986[2], pp 112 – 131; Thomas Nipperdey; *Nachdenken über die deutsche Geschichte,* München 11986, pp 7 – 20 en Ursula A J Becher en Klaus Bergmann: *Geschichte – Nutzen oder Nachteil für das Leben?,* Düsseldorf 1986.